# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

17 November 2025
Uitgawe 37



**Vers vir die week:**
2 Korintiërs 1:4
"In elke moeilikheid help Hy ons. Daarom kan ons ook weer ander help wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig."

## Uit die hoof se kantoor:

Die toetsreeks het sy halfpadmerk bereik en ek glo ons leerders werk hard om die laaste deel suksesvol te voltooi. Na die toetsreeks begin die merieteoggende en daarna die hoof prestigeaand op uitnodiging.

Die multifunksionelebaan vorder volgens skedule en ek glo elkeen van u kan sien waarnatoe hierdie projek nou beweeg. Die projek behoort middel Januarie 2026 voltooi te wees en ons sien baie uit om hierdie projek afgehandel te kry.

Baie geluk aan die o/8-rugbyspelers wat Vrydag hulle laaste o/8-toernooi voltooi het. Elkeen is verseker beter voorberei vir die rugbyseisoen wat volgende jaar Maartmaand begin. Dankie aan mnr. Ruhann Brenner en mnr. Ruben Hudson wat so geduldig met hierdie seuns werk.

Ons finale saalafsluiting is eerskomende Woensdag, 19 November. Ons versoek dat alle buiteskoolse prestasies so vinnig moontlik na lvp@laerskool-voorpos.co.za gestuur word, sodat ons dit in die finale saalopening kan afhandel.

Sterkte vir die laaste week van die toetsreeks!

Mnr Gerhard Engelbrecht

You've Got This!

# O/8-RUGBY

**Ons o/8-rugbyhelde sluit hul eerste kontakseisoen met trots af**

Ons o/8-rugbyseuns het hul eerste bekendmaking met kontakrugby op 'n uitstekende manier afgesluit. Op Vrydag, 14 November, het die span aan hul laaste toernooi van kwartaal 4 deelgeneem. 'n Dag gevul met harde wedstryde, moed en ware spanwerk.

Die jong manne is deeglik uitgedaag, maar elke speler het karakter gewys en hulself puik van hul taak gekwyt. Hulle het nie net hul vaardighede verbeter nie, maar ook 'n sterk liefde vir die sport begin bou.

As skool is ons ongelooflik trots op hierdie groep seuns wat voortdurend groei, leer en met entoesiasme speel.

Hierdie seisoen was 'n belangrike mylpaal, en ons sien uit na alles wat nog voorlê vir hierdie talentvolle groep.



# DOGTERSKRIEKET

**Voorpos se Munisha Aslam gekies vir Titans o/13-krieketspan**

Voorpos is trots om aan te kondig dat Munisha Aslam die Titans o/13-dogterskrieketspan gemaak het. 'n Uitsonderlike prestasie wat haar talent, harde werk en toewyding bevestig.

Munisha het aan drie rondtes intensiewe proewe deelgeneem, waar sy telkens haar krieketvaardigheid en vasberadenheid gewys het. Sy is 'n merkwaardige speler wat duidelik weet wat sy op die krieketveld doen en haar plek in die span verdien.

In Desember sal Munisha aan 'n groot toernooi saam met die Titans deelneem, waar sy Voorpos met trots sal verteenwoordig.

Baie geluk, Munisha! Die hele skool is ongelooflik trots op jou. Hou aan skitter en die grense verskuif.








**Voorpos vs Totiusdal**

Ons Dogterskrieketspan het verlede week kragte gemeet met L/s Totiusdal. Die meisies het dapper geveg en hard gewerk om 'n verdedigbare totaal op die bord te sit. Voorpos het uiteindelik 56 vir 5 in 20 beurte aangeteken.

Hoewel ons bowlers uitstekende druk probeer toepas het, het Totiusdal sterk geantwoord en die nodige lopies met selfvertroue agtervolg. Hulle het die telling ingehaal met die verlies van net 2 paaltjies, wat aan hulle 'n oorwinning van 8 paaltjies besorg het.

Ons is trots op ons dogters se deursettingsvermoë, hul sportmangees en hul vasbyt teen 'n taai teenstander. Elke wedstryd bring groei en waardevolle ervaring—hou so aan, meisies!

# SAGTEBAL

**Voorpos se Sagtebal staan uit bo die res**

Voorpos se Sagtebaldogters gaan van krag tot krag! Ons o/12- en o/13-dogters staan terug vir niemand nie, en het dit opnuut bewys tydens die Tshwane Noord Sagtebal-proewe op 26 Augustus. 'n Groep van 12 talentvolle Voorpos-dogters het aan die proewe deelgeneem – en die uitslag was uitmuntend.

Met 11 van ons dogters wat gekies is vir die finale Tshwane Noord-span: 3 uit die o/12-groep en 8 uit die o/13-groep. Dit is 'n prestasie wat die skool met trots vul en die harde werk, toewyding en vaardigheid van hierdie spelers bevestig.

In Desember sal die dogters Voorpos se naam hoog hou wanneer hulle deelneem aan die Tshwane Noord-toernooi by Camp Discovery. Ons wens elke speler baie geluk met hierdie besonderse prestasie en wens hulle alle sterkte toe vir die komende toernooi.

Baie geluk, meisies! Voorpos is ongelooflik trots op julle.




































# TOETSREEKS: ROOSTER

## Toetsreeks: November 2025

| DAG / DATUM | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| Dinsdag, 4 Nov | Afr (Skryfwerk) | Afr (Skryfwerk) | Afr (Skryfwerk) | Teg<br>Afr (Skryfwerk) |
| Donderdag, 6 Nov | Eng (Writing) | Eng (Writing) | Eng (Writing) | EBW<br>Eng (Writing) |
| Dinsdag, 11 Nov | PSW | Aard | Aard | NW |
| Woensdag, 12 Nov | Afr | Afr | Afr | Afr |
| Donderdag, 13 Nov | Aard | Eng | Eng | Gesk |
| Vrydag, 14 Nov | Wisk (1) | Wisk (1) | Wisk (1) | Wisk (1) |
| Maandag, 17 Nov | Wisk (2) | Wisk (2) | Wisk (2) | Aard |
| Dinsdag, 18 Nov | NW/T | NW/T | NW/T | LO |
| Woensdag, 19 Nov | Eng | Gesk | Gesk | Wisk (2) |
| Donderdag, 20 Nov | Gesk | PSW | PSW | Eng |
| Vrydag, 21 Nov | | | | KK |

# BUITEMUURS: ROOSTER

| Tyd | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| 12:00 – 13:00 | Koor: Voorkeur | Netbal: Alle ouderdomme | Koor: Voorkeur | Atletiek |
| | Atletiek: Geen koorlede by oefening nie | Rugby: o/10 tot by oopspanne | Netbal: Alle ouderdomme, geen koorlede by oefening nie | |
| | | Atletiek: Geen netbal- en rugbyspelers by oefening nie | Rugby: o/10 tot by oopspanne, geen koorlede by oefening nie | |
| | | | Atletiek: Geen netbal- en rugbyspelers, asook koorlede by oefening nie | |
| 13:00 – 14:00 | Rugby: o/8 en o/9 | Rugby: o/8 en o/9 | Rugby: o/8 en o/9 | Rugby: o/8 en o/9 |

# BELANGRIKE DATUMS

| DATUM | GRAAD | WAT? |
|---|---|---|
| 21/24/25 Nov | Gr. 3 na Gr. 4 | Oorbrugging |
| 25 Nov | Gr. R | Gradeplegtigheid (07:30) |
| 26 Nov | Gr. 1 | Meriete-oggend (07:30) |
| 27 Nov | Gr. 2 | Meriete-oggend (07:30) |
| 28 Nov | Gr. 3 | Meriete-oggend (07:30) |
| 1 Des | Gr. 4 | Meriete-oggend (07:30) |
| 2 Des | Gr. 5 en 6 | Meriete-oggend (07:30) |
| 3 Des | Gr. 7 | Meriete-oggend (07:30) |
| 4 Des | Slegs op uitnodiging | Vorie Prestige-aand |

# ADVERTENSIES

